## Voorbidding:

GEROEP GEWILLIG GESTUUR



**Wêreld**: Broenei, Maleisië en Singapoer. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkring-effek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld. Planne en wêreldwye samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te bekamp.

**RSA & Dorp:** Ekonomie - sakelui, arbeidsmag, werkslus, werkskepping en Stellemploy. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energie-krisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Onderhandelings in die onderskeie munisipaliteite waar sinvolle en werkende koalisies gevorm moet word. Verantwoordelike gebruik van water in die droë somer wat voorlê.

**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde vierde kwartaal vir gesinne in 'n besige tyd van die jaar. Dankbaarheid vir die gemeente se betrokkenheid by ons jaarlikse Kersprojek. Studente en skoolkinders se suksesvolle afhandeling van die akademiese jaar.Ons bid vir klein Daniël Vlok en sy ouers, Louw-Waldi en Michelle, wat vir stamsel-behandeling in Amerika is. Ons bly ook bid vir die Van der Westhuizen-gesin en Kai se volkome herstel.

**Woord van meegevoel:** Ons dink aan Gawie Nieuwoudt (Lovell) wie se ma oorlede is. Ons dink ook aan Sonja - mag julle vertroos word in hierdie hartseer tyd.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Claudia de Klerk (Bergbosch), Cynthia du Toit (Santa Rosa), Elsabé Long (Jatan Estate) en Hans Oosthuizen (Longifolia).




*'n Dramagroepie wat gedurende die week hier in ons kerksaal oefen, hou op 5 Desember twee opvoerings by ons. **The Hundred Acre Wood** is 'n Kersfees-storie met 'n verskil vir oud en jonk! Kaartjies kos R100 per persoon. Jy kan kies of jy die 11:00-vertoning of die 17:30-vertoning wil bywoon. Kaartjies is by Quicket en by die deur te koop.*

### Kerkraadnuus

Op die kerkraadsvergadering van 17 November 2026 is die volgende persone tot die kerkraad verkies: Braam Horn (Getuienisbediening), Louis Jonker (Leer en Aktuele Sake) en Linda Koetsier (Diaken A-wyke). Die volgende persone is tot die kerkraad herkies: Marianna Kritzinger (Ouderling A-Wyke), Winnie van Vuuren (Ouderling A-Wyke), Loumarie Kistner (Ouderling B-Wyke), Maria Mouton (Diaken A-Wyke), Magda Liebenberg (Diaken B-Wyke) en José Kritzinger (Jeug- & Familiebediening).

Ons is 'n groen gemeente wat herwin! In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.

WEEKBLAD VAN DIE NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

## 29 November 2026

Eerste Sondag van Advent

Jaartema: SORG

| | |
|---|---|
| Kerssangdiens | 09:30 |
| Prediker | Danie Goosen |
| Tema | 'n Gewone Kersfees? Gewoon is buitengewoon? |
| Teks | Lukas 2:8-20 |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier verder saam in die vierkant |
| Gemeente-afsluitingsbraai | 11:00 - op die grasperk by die kerksaal |



As Christene vier ons **Advent** met die wete dat Christus gekruisig is en opgestaan het. Ons dink in hierdie tyd aan God as die altyd komende in ons nood, om op verrassende wyse heil en bevryding te bring. Ons berei ons opnuut voor om die Verlosser in ons lewe te verwelkom.

## Welkom by ons Kerssangdiens!

'n Spesiale welkom vandag aan ons orrelmeester, Winand Grundling, die Stellenbosch Madrigaalsangers, Schalk Wasserman (timpani) en Seth James (saxofoon). Welkom ook aan die voorleser, Johann Nel.





### 2027-Almanakke & nuutste nuus!

Die kerkalmanak vir 2027 (in A4-formaat met 'n duursame glansbuiteblad!) is beskikbaar in die vierkant om vandag te neem - slegs 1 per besoekpunt, asb. Die nuutste Welgelegener, met 'n opsomming van die afgelope 4 maande se gemeentenuus, is ook nou beskikbaar om te neem. Lekker lees!

KOINONIA

Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

Ons kantoorure is: Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

## PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: MAANDAG 30/11 TOT SONDAG 06/12

| | | |
|---|---|---|
| Ma 30/11 | | **Kersete vir Stellenbosch Nagskuiling word voorberei.** |
| Di 01/12 | | **Wêreldvigsdag** |
| Do 03/12 | 09:00 - 12:00 | **Naaldwerkbediening**: Kom werk vir ou laas hierdie jaar saam met die vroue van die Naaldwerkbediening. |
| Vr 04/12 | | **Laaste E-Nuus van die jaar word uitgestuur** |
| So 06/12 | 09:30<br>10:30 | **Tweede Sondag van Advent**<br>**Erediens:** Elzanne van der Westhuizen (Bevestiging van nuwe kerkraadslede)<br>**Koinonia Kafee & Kerkbiblioteek:** kuier saam in die vierkant en neem boeke uit by ons biblioteek. |

**Die deuroffer vandag gaan aan Stellenbosch Vigsaksie (in aansluiting by Wêreldvigsdag op 1 Desember):** Stellenbosch Vigsaksie se visie is om 'n omgewing te skep waar die geskenk van lewe gerespekteer word en die mense wat met MIV en Vigs lewe, volkome aanvaar word. Vir meer inligting, skakel hul kantoor: 021 808 2930 of 083 589 4798 of stuur 'n e-pos na atheart@sun.ac.za.



**November se Barmhartigheidstema fokus op kinders.** Ons gaan ook voort met ons Kersprojek. Ons samel gedurende November voedsel, toiletware, skoonmaakmiddels en skryfbehoeftes in vir die Kersprojek. Die deuroffers gaan gedurende November aan Kinder- en Jeugsorgsentrums, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid, Jeuguitreik en Stellenbosch Vigsaksie. Ondersteun ons Kersprojek en maak saam 'n groot verskil!



*Dankie aan almal wat gehelp het by die verpakking van ons Kersprojek die afgelope Woensdag en dankie aan almal wat gegee het!*

**Betaal met SNAPSCAN**
Onthou om 'n verwysing in te tik

Die deuroffer verlede week aan Jeuguitreik was R2 090. Baie dankie!
Vlg week se deuroffer gaan aan Sinodale Gemeente-ondersteuning.

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 / 198 765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

## Kersprojek 2026

Baie dankie aan elkeen wat hierdie jaar dmv ons Kersprojek bygedra het om hoop en liefde te bring aan hulpbehoewendes in ons omgewing en om dankie te sê aan versorgers en personeel.

Woensdag het die vierkant behoorlik gewemel van gemeentelede wat gedeel het in hierdie groot lekkerte. 108 kospakkies en 162 lekkergoedpakkies is verpak, asook byna 300 geskenke in verskeie vorme wat uitgedeel gaan word aan die volgende persone: die personeel van Geluksoord, Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid, Hospice, Nagskuiling, Jeuguitreik en Safehouse, die vroue en kinders by Safehouse, bejaardes in ons gemeente, sjefstudente by Stellemploy en nuwe mammas op Kersdag in die Paarl Hospitaal. Voedingsaksie, die ACVV, Eikiehart, Stellemploy en behoeftige bejaardes by Molenhof gaan kospakkies ontvang en Hospice 15 sopbottels. Ekstra kruideniersware, toiletware, skoonmaakmiddels en lekkergoed is ook verdeel tussen die organisasies wat ons ondersteun. Baie, baie, BAIE dankie!!











### Gebed vir Wêreldvigsdag

Hemelse Vader, Bron van lewe, genesing en deernis, ons bring almal na U toe wat met MIV of Vigs saamleef, asook families, vriende en versorgers.
*Genesing en krag* - skenk U herstel, vrede en fisieke en geestelike krag aan elkeen wat siekte, pyn of moegheid ervaar.
*Deernis en waardigheid* - bevry ons gemeenskappe van stigma, vrees en veroordeling. Help ons om met sagmoedigheid, respek en onvoorwaardelike liefde teenoor mekaar op te tree.
*Wysheid en hoop* - seën dokters, navorsers, beraders en gemeenskapsleiers met wysheid en volharding in die soeke na beter behandeling, voorkoming en uiteindelik 'n geneesmiddel.
*Gedenking* - ons gedenk ook met dankbaarheid en hartseer die geliefdes wat ons aan Vigs afgestaan het, en vertrou hulle aan U ewige liefde toe.
Laat ons ligdraers van hoop wees in 'n wêreld wat na genesing en omgee smag. Amen.



Ons kry Woensdag 'n vars besending boerewors, kerriewors en beefpatties vanaf Worcester. Kom koop gedurende kantoorure indien jou vakansie-voorraad laag is. Hier is ook droëvrugte, heuning en aarbeikonfyt en nog enkele handwerkitems vir 'n kerskous. Kom koop en ondersteun só steeds ons Lentefeesfonds.

Kom haal klaargeknipte lappe by die kerkkantoor en help stik by die huis aan die Bless-a-Baby-sakke. Ons is baie dankbaar vir die getroue stiksters wat hierdie bediening tuis aan die gang hou.

**Huisgeloofblad vir gesinne** - Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus. Sondae is daar ook kopieë by die hoofingang beskikbaar om te neem.